

Graad 6**Afrikaans Huistaal****April 2022****Vraestel 1****Afdeling A****Hardoplees****Koerantberig:** Waarheen is Stellenbosch-biblioteek se Afrikaanse boeke?

5 April 2022

Christel Cornelissen

Maroela Media

- 1 Daar is hoegenaamd nie sprake daarvan dat die Stellenbosch-munisipaliteit besig is met geteikende pogings om van ouer Afrikaanse boeke ontslae te raak nie.
- 2 "Ons biblioteekdienste moet af en toe ontslae raak van ouer boeke wat vervang word met nuwe literatuur, asook nuwe eksemplare van ouer literatuur," sê Stuart Grobbelaar, munisipale woordvoerder.
- 3 Die munisipaliteit het gereageer na kommer deur biblioteekgebruikers dat al hoe meer boeke – spesifiek Afrikaanse boeke – van die biblioteekrakke verdwyn.
- 4 "Ons het die afgelope maand begin agterkom dat van die ouer Afrikaanse boeke begin verdwyn," het 'n bekommerde leser aan Maroela Media gesê.
- 5 "Dit is eenvoudig onaanvaarbaar om Afrikaanse kultuurgeskiedenis op só 'n manier uit te wis, veral in die lig daarvan dat die meeste van die boeke waarmee skynbaar weggedoen word reeds uit druk is."
- 6 "Die plaaslike owerheid bedryf nege openbare biblioteke in die munisipale gebied en wanneer boeke van die rakke verwyder word, word dit óf na ander biblioteke in die Wes-Kaap versprei, óf dit word geskenk aan skole. Afrikaanse boeke word beslis nie verwyder nie. Inteendeel, heelwat Afrikaanse boeke word op 'n gereelde grondslag vanaf die provinsie aangevra. Hierdie boeke sluit byna altyd nuwe, asook ouer Afrikaanse boeke in, na gelang van wat beskikbaar is en waarna daar 'n groot aanvraag is. Die biblioteekdiens is bereid om inwoners te help om 'n spesifieke boek wat hy nie by een biblioteek kan opspoor nie, van 'n ander te laat kom. Daar is ook heelwat Afrikaanse boeke wat waardevolle Afrikaanse boeke insluit, wat in die biblioteek bewaar word vir inwoners, maar nie op die rakke verskyn nie – juis omdat die munisipaliteit hierdie waardevolle items wil bewaar. Hierdie boeke kan steeds deur enige inwoner gelees of uitgeneem word," sê Grobbelaar.

Rubriek

Vloeiend lees en korrekte pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15**/15****Graad 6****Afrikaans Huistaal****April 2022****Vraestel 1****Afdeling B****Luister en praat****Legende:** Die heks van Hexrivier

- 1 Elise was die mooiste meisie in die hele vallei. Ongelukkig was sy hoogmoedig. Baie jong mans het by haar kom kuier, maar nie een was volgens haar sterk, fluks of ryk genoeg nie.

- 2 Op 'n dag kom Flip met sy perd op die plaas aangery. Hy was sterk en nie bang om hard te werk nie. Elise het dadelik geweet dat hy die man is vir wie sy al so lank wag, maar hy moes eers aan haar versoek voldoen, alvorens hulle kon trou.
- 3 "Gaan pluk vir my die bloedrooi disa wat op die hoogste krans groei. Dan sal ek weet dat jy my werklik liefhet."
- 4 Flip stem in. Die volgende oggend vroeg begin hy klim. Hy klim tot hy by hierdie betrokke krans kom. Daar ver op 'n rotpunt wat oor die diepste afgrond hang, gewaar hy die bloedrooi disa. Hy buk vooroor, maar die klippe onder sy voet krummel. Hy gryp na die krans, maar dis net die disa wat hy beetkry. Hy stort met die blom in sy hand na benede.
- 5 Aangesien Flip die volgende dag nog nie opgedaag het nie, besluit Elise om na hom te gaan soek. Toe sy by die krans kom waar die rooi disa gegroei het, sien sy net die geknakte blomsteel. Sy leun vooroor en sien die lewelose liggaam van Flip. Sy sak inmekaar en die afgrond gryp haar soos hy vir Flip gegryp het.
- 6 "Dis haar verdiende loon," sê die mense. "Haar hoogmoed en selfsug het 'n jong man se lewe gekos."
- 7 So het die mooiste jong meisie van die vallei die heks van Hexrivier geword.

- 1 Noem slegs EEN onaanvaarbare karaktereienskap van Elise. /1**
- 2 Bespreek die ruimte in paragraaf 4. /1**
- 3 Verskaf die rede waarom Flip die rooi disa moes gaan pluk. /1**
- 4 Watter morele les leer jy uit die bostaande legende? /1**
- 5 Uit watter karakter se foute leer ons 'n les? /1**

Praat

Die matroos wat elke nag by die vuurtoring spook.

Rubriek

Vloeiend praat en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid, gesigsuitdrukkinge en oogkontak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15

/15

Graad 6

Afrikaans Huistaal

April 2022

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

1 Artikel: Veiligheid op die internet

- 1 Vandag gebruik baie mense die internet. Hulle speel speletjies daarop, lees nuus of soek inligting. Die lees van nuus oor die internet het ongelukkig tot gevolg dat koerantverkope afgeneem het. Gelukkig is daar nog baie mense wat die koerantpapier onder hulle vingers wil voel. Verder het almal nie toegang tot die internet nie. Baie mense werk met geld op die internet. Maar hoe veilig is dit?
- 2 Soos op alle plekke in die wêreld het die internet ook sy skelms. Sommige skelms wil mense se persoonlike inligting steel. Daar is selfs mense wat geld wil steel deur die internet. Dis wel gerieflik om uit jou TV-kamer betalings oor die internet te maak, maar is ons geld altyd veilig? Feit bly, dit bespaar jou baie tyd om betalings oor die internet te doen. Dit is daarom belangrik dat almal wat die internet gebruik, veilig moet wees. Hier is 'n paar maniere waarop jy jouself kan beskerm:

- Laai 'n antivirusprogram op jou rekenaar. Dit verhoed skelms om slegte programme op jou rekenaar af te laai sonder dat jy daarvan weet.
- Plaas 'n geheime wagwoord op jou rekenaar. Hierdie wagwoord moet liefste jou naam of die naam van 'n vriend wees nie. Dis ook nie raadsaam om telefoonnommers of geboortedatums as jou wagwoorde te gebruik nie.
- Sit ook 'n goeie wagwoord in om op jou internetbankdienste te kan ingaan.
- Moenie jou persoonlike inligting op die internet plaas nie.
- Moenie jou persoonlike inligting met 'n e-pos aan iemand stuur nie.
- As jy iets op die internet koop, kyk of daar 'n slot onderaan die webblad is. Dit beteken die webblad is veilig teen skelms wat jou geld wil steel.

- 1.1 Verskaf die rede waarom die bostaande 'n voorbeeld van 'n artikel en nie 'n nuusberig is nie.** (1)
- 1.2 Waar, behalwe op die internet, kan ons ook inligting bekom?** (1)
- 1.3 Verskaf TWEE redes waarom baie mense nie die nuus op die internet lees nie.** (2)
- 1.4 Watter nadelige gevolg kan dit vir ons inhou as ons nie 'n wagwoord op ons internetbankdienste sou plaas nie?** (1)
- Totaal: 5 /5**

2 Onderhoud: Onderhoud met Paul van Deventer

- 1 Waaraan is sy sukses toe te skryf?
- 2 "n Gesonde leefstyl en oefen." Dis die raad wat die swemmer vir sy aanhangers gee. Terwyl ek teenoor hom sit, is hy heel ontspanne.
- 3 "Moet 'n mens baie selfdisipline aan die dag lê?"
- 4 "Beslis. Sonder selfdisipline sal jy dit nie ver bring nie. jy moet bereid wees om hard te oefen. Baie hard en nougeset. Oefen moet vir jou tweede natuur wees."
- 5 "Maar is dit nie 'n groot opoffering om elke dag te gaan oefen nie?"
- 6 'n Tvrede glimlag word opgemerk. 'n Glimlag wat baie vertel. Sy oë sprankel.
- 7 "Jy staan wel vroeg in die oggend op en bring baie tyd in die swembad deur, maar dan sien jy net een ding voor jou – die goue medalje om jou nek! Die moontlikheid om met die goue medalje huis toe te kom, vergoed vir al jou harde werk. Daar is nie 'n lekkerder gevoel as om daardie medalje om jou nek te hang nie. Die besef dat jy die ander swemmers uitgestof het, is 'n gevoel wat jy vir niemand kan beskryf nie."
- 8 "Het 'n swemmer 'n spesiale dieet wat hy moet volg?"
- 9 "Beslis. Gemorskos is taboe. 'n Mens leer gou om so gesond moontlik te eet. 'n Swemmer moet na sy liggaam kyk. Die feit dat ek die ondersteuning van my vrou het, maak dinge soveel makliker. Sy berei net die regte kos vir my voor. Wat ek baie waardeer, is die feit dat sy dieselfde kos vir haar en die kinders voorberei. Maar dit beteken nie dat ek nie my kinders sal bederf nie. Kinders is mos maar kinders. Ek sal hulle baie keer Wimpy toe neem en dan kan hulle vir hulle bestel net wat hulle wil. Ouers is mos nie net daar om hul kinders die heeltyd te dissiplineer nie. Hulle mag hulle mos ook bederf. Of hoe?"

10 'n Mens kan sien dat Paul van Deventer 'n ware gesinsman en pa vir sy kinders is. Hy verdien beslis nie net 'n medalje vir swem nie, maar ook as pa!

Pieter Nel

- 2.1 Met wie is die bostaande onderhoud gevoer?** (1) (1)
2.2 Wie het hierdie onderhoud met die swemmer gevoer? (1) (1)
2.3 Waaraan is hierdie swemmer se sukses toe te skryf? (1) (1)
2.4 Bederf hierdie swemmer sy kinders soms? Verskaf die rede vir jou antwoord. (1) (1)
2.5 Hoe hou paragraaf 6 verband met paragraaf 7? (1) (1)
- Totaal: 5 /5**

3 **Advertensie:** Slimkind

Slimkind
Waar jy jou horisonne kan verbreed!

Sport- en leerakademie

Leer, speel en sport is pret

Het jy hulp nodig met Afrikaans, Engels of enige ander vak? Laat ons toegewyde span jou help om die beste punte te behaal waartoe jy in staat is.

Verbeter ook jou vaardighede in tennis, swem en muurbal met afrigter Shane de Beer. Vir die ander sportsoorte het ons verskeie professionele instrukteurs.

Skakel Mariana van der Spuy vir meer inligting by 083 477 1386.

W.E.G. Louwstraat
Langenhovenpark
slimkind@gmail.com

- 3.1 Op watter TWEE terreine kan jy jou horisonne verbreed indien jy by Slimkind sou aansluit?** (2)
3.2 Waarom, dink jy, maak Slimkind slegs van professionele instrukteurs gebruik? (1)
3.3 Waarom is dit belangrik om die straatadres op die advertensie aan te bring? (1)
3.4 Wie is die teikenmark vir Slimkind? (1)
- Totaal: 5 /5**

4 **Gedig:** Reën oor die berge

- 1 "Met die wolke uit die weste 1
skuif die grysval reëngordyn. 2
Veraf oor die donker heuwels, 3
rol die donder se refrein. 4
- 2 Speelse windjies groet die grassies, 5
skud die wilgers uit hul droom, 6

	en die blaartjies fluister vrolik, sprei die nuus van boom tot boom.	7 8
3	Hoor hoe ruis dit deur die klowe, druppels, druppels nat genot. Kyk hoe dans hul in die plassies, huppel, trippel skoon verspot.	9 10 11 12
4	Oorkant teen die roesrooi kranse, blink meteens 'n waterval, want die son breek deur die wolke en laat skitter berg en dal.	13 14 15 16
5	Oor die nuut ontwaakte wêreld roep 'n arend in sy vlug en die klank trek ver en helder deur die skoongewaste lug.	17 18 19 20

Piet Swanepoel

- 4.1 Skryf die TWEE woorde in strofe 1 neer waar ons eindrym aantref.** (1)
- 4.2 Skryf slegs EEN versreël in strofe 2 neer waar ons alliterasie aantref.** (1)
- 4.3 Skryf die TWEE versreëls in strofe 3 neer waar ons personifikasie aantref.** (1)
- 4.4 Waarmee word die kleur van die kranse in strofe 4 vergelyk?** (1)
- 4.5 Hoe verskil die inhoud van strofe 3 van die inhoud van strofe 4?** (1)
- 4.6 Waarom word "druppels" in versreël 10 herhaal?** (1)
- 4.7 Wat is die kerngedagte van strofe 3?** (1)

Totaal: 7

/7

5 Instruksieteks: Oliebeskuit

Bestanddele

- 2,5 kg bruismeel
- 1 liter melk
- 500 ml suiker (2 k)
- 500 ml kookolie (2 k)
- 2 ekstra groot eiers
- Sout
- Botter

Benodigdhede

- Menger
- Mengbak
- Klitser
- Houtlepel
- Broodpanne
- Aluminiumfoelie
- Vurk

Metode

- 1 Meng die melk en suiker goed in 'n groot mengbak.
- 2 Klits die kookolie, sout en eiers saam tot gemeng.
- 3 Voeg dit by die melkmengsel en klits tot gemeng.
- 4 Roer die bruismeel geleidelik met 'n houtlepel by.
- 5 Meng met die hande tot 'n taamlik stywe deeg.
- 6 Smeer die broodpanne goed met botter.
- 7 Vorm balletjies en pak hulle styf teen mekaar in die broodpanne.
- 8 Laat rys vir 15 minute.
- 9 Verhit die oond.
- 10 Bak die beskuit vir 1 uur lank op die middelste oondrak.
- 11 Bedek die panne teen die end van die baktyd met aluminiumfoelie.
- 12 Haal beskuit uit die oond en laat dit afkoel.
- 13 Breek dan liggies met 'n vurk en droog uit.

5.1 Watter instruksie word hier gegee? (1)

5.2 Verskaf die rede waarom elk van die instruksies van 'n werkwoord voorsien is. (1)

5.3 Verskaf die rede waarom elke instruksie nie met die woorde "Jy moet" begin nie, maar wel met 'n werkwoord. (1)

Totaal: 3 /3

Graad 6 Afrikaans Huistaal April 2022

Vraestel 2 Afdeling B Taal

Drama: Toneel 3: Die vier vriende

Hond: Ek is honger. Kyk, daar ver is 'n huisie. Ek wil gaan kyk of daar nie dalk iets is om te eet nie. 1
2

Kat: Ek gaan saam met jou. Die naglug is te koud vir my. Ek kan nie so stil lê nie. 3
4

(Hond en Kat loop, terwyl Donkie en Haan voortsloop. Na 'n rukkie kom Kat en Hond vinnig teruggehardloop.) 5
6

Hond: (Uitasem en verskrik) Help! Dis 'n bose plek; dis mensvreterers wat daar bly! 7
8

Donkie: Mensvreterers? Wat maak dit saak? Ons is mos nie mense nie. Ek is banger vir diervreterers! 9
10

Hond: Ons kan darem nie kanse waag nie. Ons is kleiner as jy! 11

Kat: Ek het 'n plan. Wil julle dit hoor? Ek sal julle môre vertel. Ek moet eers 'n bietjie rus. 12
13

(Kat strek hom uit soos net 'n kat kan. Sy gaap wyd en gaan lê in 'n bondeltjie.) 14

1 Skryf die soortnaamwoord in reël 1 neer. (1)

2 Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor in die indirekte rede. (1)

3 Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 2. (1)

4 Vorm 'n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 3 en maak dan 'n sin van jou eie met hierdie afgeleide werkwoord. (1)

5 Skryf die bywoord van wyse/manier in reël 4 neer. (1)

6 Skryf die onderstreepte sin in reël 7 oor as 'n vraagsin. (1)

- 7 **Vorm 'n abstrakte selfstandige naamwoord van die onderstreepte woord in reël 8.** (1)
- 8 **Verdeel die onderstreepte woord in reël 9 in lettergrepe.** (1)
- 9 **Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 10.** (1)
- 10 **Skryf die saamgestelde woord (samestelling) in reël 10 neer.** (1)
- 11 **Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 11 neer.** (1)
- 12 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 12&13 oor in die ontkennende vorm.** (1)
- 13 **Skryf die hoofwerkwoord in reël 13 neer.** (1)
- 14 **Skryf die persoonlike voornaamwoord in reël 14 neer.** (1)
- 15 **Verbind die onderstaande sinne met mekaar deur van die voegwoord tussen hakies gebruik te maak:**

Hond en Kat skrik groot. Hond en Kat sien mensvreterers. (aangesien) (1)

Totaal: 15 /15

Graad 6 Afrikaans Huistaal April 2022

Vraestel 3 Skryf

Skryf 'n drama van 160–170 woorde oor EEN van die onderstaande:

Genoeg is genoeg. / Die kat en die sokkie. / Pad na my hart.

Rubriek

Inhoud, interessant en skryfstyl:	1	2	3	4	5
Dialog, emosies, toneelaanwysings en handeling:	1	2	3	4	5
Karakters en karakterontwikkeling:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering en ruimte:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n legende van 160–170 woorde oor EEN van die onderstaande:

Die onregverdige koning. / Die man in die lyf van 'n monster.

Rubriek

Inhoud, chronologie en interessantheid:	1	2	3	4	5
Karakters, karaktereienskappe en -ontwikkeling:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en spel:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering en ruimte:	1	2	3	4	5

Totaal: 20 /20

EN

Skryf 'n koerantberig van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande:

Vermiste kind se liggaam gevind. / Kleuter uit swembad gered.

Rubriek

Inleidende paragraaf, inhoud en nuuswaardigheid:	1	2	3	4	5
Formaat, woordeskat en taalgebruik:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n toespraak van van 100–120 woorde oor EEN van die onderstaande:

Waarom familiebande so belangrik is. / Morele waardes.

Rubriek

Inligting en ooreedende taalgebruik:	1	2	3	4	5
Geloofwaardigheid, stelling en motivering:	1	2	3	4	5

Totaal: 10 /10

Memorandum

April 2022

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Die legende: Die heks van Hexrivier

- 1 **Onaanvaarbare karaktereienskappe**
Hoogmoed / selfsug (**slegs EEN is aanvaarbaar**) (1)
- 2 **Die ruimte**
By hierdie betrokke krans / In die berge / By die afgrond (**slegs EEN**) (1)
- 3 Om sodoende sy liefde aan Elise te bewys. (1)
- 4 **Die morele les**
Ons moenie selfsugtig wees nie. / Ons moenie hoogmoedig wees nie. /
Ons moenie altyd ons eie belange eerste stel nie. (**slegs EEN**)
(**enige ander aanvaarbare antwoord**) (1)
- 5 **Die karakter**
Ons leer 'n les uit die foute van **Elise**. (1)

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

- 1 **Artikel:** Veiligheid op die internet
 - 1.1 Dit is nie nuuswaardig vir slegs een dag nie. (**enige ander aanvaarbare antwoord**) (1)
 - 1.2 In naslaanboeke. (**enige ander aanvaarbare antwoord**) (1)
 - 1.3.1 Baie mense hou daarvan om nog die koerantpapier onder hulle vingers te voel.
 - 1.3.2 Nie almal het toegang tot die internet nie. (2)
 - 1.4 Skelms mag toegang tot ons bankbesonderhede kry en geld uit ons rekening trek. (1)
- 2 **Onderhoud:** Onderhoud met Paul van Deventer
 - 2.1 Die onderhoud is met **Paul van Deventer** gevoer. (1)
 - 2.2 **Pieter Nel** het die onderhoud met hom gevoer. (1)
 - 2.3 Gereelde oefening. / Gereelde oefening en 'n streng dieet. (1)
 - 2.4 Ja. Hy neem hulle soms Wimpy toe en dan kan hulle vir hulle bestel net waarvoor hulle lus is. (1)
 - 2.5 Die gedagte om die goue medalje huis toe te kan bring, verskaf vir hierdie swemmer groot genot. (1)

3 **Advertensie:** Slimkind

- 3.1.1 Jy kan die beste punte waartoe jy in staat is, behaal. (2)
3.1.2 Jy kan jou vaardighede in sport verbeter. (1)
3.2 Om toe te sien dat die kind die beste vaardighede aanleer. (1)
3.3 Sodat die kind/ouer kan weet waarheen hy moet gaan om die instansie te besoek. (1)
3.4 Die kind wat die beste punte wil behaal of sy vaardighede in sport wil verbeter. (1)

4 **Gedig:** Reën oor die berge

- 4.1 Eindrym
Reëngordyn refrein (1)
4.2 Alliterasie
"Speelse windjies **groet** die **grassies**," /
"sprei die nuus van **boom** tot **boom**." (1)
4.3 Personifikasie
"Kyk hoe dans hul in die plassies,
huppel, trippel skoon verspot." (1)
4.4 Vergelyking
Die kranse word met **roes** vergelyk. (1)
4.5 Verskil tussen die twee strofes
In strofe 3 reën dit, terwyl dit in strofe 4 opgehou het met reën en die son weer skyn. (1)
4.6 Herhaling
Om aan te dui dat die druppels aanhoudend val. (1)
4.7 Kerngedagte
Die welkome reën val. (1)

5 **Instruksieteks:** Oliebeskuit

- 5.1 Dat daar oliebeskuit gebak moet word. (1)
5.2 Die werkwoord dui aan watter instruksie(s) gevolg moet word. (1)
5.3 Aangesien enigeen wat oliebeskuit wil bak, hierdie instruksies moet volg. / Die resep is nie slegs vir jou bedoel nie. (**slegs EEN is aanvaarbaar**) (1)

Memorandum

April 2022

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

- 1 Die soortnaamwoord
Kyk, daar ver is 'n **huisie**. (1)
2 Die indirekte rede
Hond sê dat hy honger is. (1)
3 Die sinoniem

- Ek wil gaan kyk of daar nie **miskien** iets is om te eet nie. (1)
- 4 Die afgeleide werkwoord
Ek **begaan** 'n fout. / Dit het my **ontgaan**. / Hulle **vergaan** van die honger. (**slegs EEN**)
(**enige ander aanvaarbare sinne**) (1)
- 5 Die bywoord
Ek kan nie so **stil** lê nie. (1)
- 6 Die vraagsin
Is dit 'n bose plek? (1)
- 7 Die abstrakte selfstandige naamwoord
Blydskap (1)
- 8 Lettergreepverdeling
Mens/vre/ters (1)
- 9 Basiswoord
Bang (1)
- 10 Saamgestelde woord
Ek is banger vir **diervreters**. (1)
- 11 Die byvoeglike naamwoord
Ons is **kleiner** as jy! (1)
- 12 Die ontkennde vorm
Ek moenie eers 'n bietjie rus nie. (1)
- 13 Die hoofwerkwoord
Ek moet eers 'n bietjie **rus**. (1)
- 14 Die persoonlike voornaamwoord
Sy gaap wyd en gaan lê in 'n bondeltjie. (1)
- 15 Die voegwoord
Kat en Hond skrik groot, aangesien hulle mensvreters sien. (1)

Naslaanbronne

April 2022

Vraestel 1

Afdeling A

Hardoplees

Koerantberig: Waarheen is Stellenbosch-biblioteek se Afrikaanse boeke?

Maroela Media

5 April 2022

Christel Cornellsen

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Legende: Die heks van Hexrivier

Aangepas uit: *Die mooiste Afrikaanse sprokies*, Pieter W. Grobbelaar
Human en Rousseau

Geneem uit: *Almal Verstaan Afrikaans*, Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012
R. Ferreira, M. van den Heever

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

Artikel: Veiligheid op die internet

Aangepas uit: *Kroonsteen-reeks: Liplekker Leesdinge*
Fanie Viljoen, Marita van Aswegen

Best Books 2009

Onderhoud: Onderhoud met Paul van Deventer

Eugene van der Westhuizen

Advertensie: Slimkind

Eugene van der Westhuizen

Gedig: Reën oor die berge

Uit: *Mallemeule. Verse vir 8-10 jariges*

Perskor, 1989

Geneem uit: *Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees*

Best Books, 2009

F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen

Instruksieteks: Oliebeskuit

Knuppeldik aan koningskos

Promedia Publikasies, 1985

Pretoria Polisie Offisiersvroueklub

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Drama: Toneel 3: Die vier vriende

Platinum Afrikaans Huistaal

Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012

J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning, I. Hofmeyr, A. le Roux, W. Louw

M. Mihai, J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy